



**GAUTENG PROVINCE**

EDUCATION  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## **EKURHULENI NOORD DISTRIK**

### **EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE GRAAD 8**

#### **FINALE NOVEMBER EKSAMEN**

<b>VAK</b>	<b>:</b>	<b>Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</b>
<b>JAAR</b>	<b>:</b>	<b>2017</b>
<b>TAAK</b>	<b>:</b>	<b>Distrik Gemeenskaplike Eksamen</b>
<b>TYD</b>	<b>:</b>	<b>02 Ure (120 minute)</b>
<b>PUNTE</b>	<b>:</b>	<b>150</b>
<b>ONDERWERPE</b>	<b>:</b>	<b>EKONOMIE; FINANSIËLE GELETTERDHEID EN ENTREPRENEURSKAP</b>

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie eksamen vraestel bestaan uit VIER afdelings en VIER vrae.
2. Skryf netjies en leesbaar.
3. Alle vrae is VERPLIGTEND.
4. Lees deur die vrae noukeurig en maak seker dat jy genoeg tyd aan elke vraag spandeer.
5. Die gebruik van 'n sakrekenaar is toelaatbaar.

## INHOUD EN TYDSBEREKENING

AFDELING	ONDERWERP	PUNTE	TYD In minute
<b>Afdeling A</b>	Alle onderwerpe		
Vraag 1.1: Mervoudige keuses		10	8
Vraag 1.2: Pasitems		10	8
Vraag 1.3: Woord bank		10	8
Vraag 1.4: Waar of Onwaar		10	8
<b>AFDELING B (DIE EKONOMIE)</b>			
Vraag 2.1	Lewensstandaard/ Regering	15	12
Vraag 2.2	Regering /Nasionale begroting	15	12
<b>AFDELING C (FINANSIËLE GELETTERDHEID)</b>			
Vraag 3.1	Brondokument	10	8
Vraag 3.2.1	Kontantjoernale	30	24
Vraag 3.2.2	Rekenkundige vergelyking	4	3
Vraag 3.3	Rekenkundige siklus	6	5
<b>AFDELING D (ENTREPRENEURSKAP)</b>			
Vraag 4.1	Produksiefaktore/ Ondernemingsvorme, Leierskapstyle	23	18
Vraag 4.2	Vlakke en funksies van bestuur	7	6
<b>TOTAAL</b>		<b>150</b>	<b>120 Min</b>

## AFDELING A

### VRAAG 1: KORT VRAE

(40 punte)

#### VRAAG 1.1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

(8 minute)

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir elke vraag gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraag nommer (1.1.1-1.1.5) neer. **(10)**

1.1.1 Watter van die volgende is onder leiding van 'n raadslid?

- A Wykskomitee
  - B Metropolisie
  - C Provinsie
  - D Nasionale regering
- (2)

1.1.2 Wie is die minister van finansies in Suid-Afrika?

- A Trevor Manuel
  - B Pravin Gordhan
  - C Nhlanhla Nene
  - D Malusi Gigaba
- (2)

1.1.3 Die belonging vir kapitaal as een van die produksiefaktore is .....

- A Rente
  - B Bonus
  - C Wins
  - D Belegging
- (2)

1.1.4 Wanneer 'n besigheid addisionele meubels aankoop vir R 3 000, is die impak op die rekenkundige vergelyking soos volg:

- A Bates +3 000; Ekwiteit -3 000
  - B Bates +3 000; Ekwiteit +3 000
  - C Bates -3 000; Bates +3 000
  - D Bates -3 000; Ekwiteit -3 000
- (2)

1.1.5 Watter een van die volgende is 'n brondokument vir wanneer goedere kontant gekoop word?

- A Oorspronklike faktuur
  - B Oorspronklike tjek
  - C Duplikaat kwitansie
  - D Tjekteenblad
- (2)

**VRAAG 1.2: PASITEMS****(8 minute)****(10)**

**Pas die beskrywings in KOLOM A by die term/e in KOLOM B. SKRYF slegs die korrekte letter langs die vraag nommer neer. Bv. 1.2.6. B**

	KOLOM A	KOLOM B
1.2.1	Staatinstellings ondersteun grondwetlike beginsels	A. Wins
1.2.2	Handel deur koop en verkoop van aandele in Johannesburgse Aandelebeurs (JSE)	B. Belasting op toegevoegde waarde (BTW)
1.2.3	Besittings van waarde in 'n besigheid	C. Beperkte aanspreeklikheid
1.2.4	Betaal wanneer goedere en dienste gekoop word by kleinhandelaars	D. Nasionale begroting
1.2.5	Die eienaar is nie verantwoordelik vir die skuld van 'n besigheid nie	E. Finansiële Mark
		F. Bates
		G. Openbare beskermer

**VRAAG 1.3: WOORD BANK****(8 minute)****(10)**

**Voltooi die volgende stellings deur die mees geskikte word in die onderstaande boks te kies.**

laer; lewenstandaard; top ;private maatskappy; inkomste; publieke maatskappy; kontant deposito;

- 1.3.1 ..... verwys na wat mense in 'n land verdien. (2)
- 1.3.2 Die naam van 'n ..... moet eindig met '(PTY) LTD'. (2)
- 1.3.3 ..... is een van die rekenkundige items wat gevind kan word op die bankstaat. (2)
- 1.3.4 'n Verlies is wanneer uitgawes meer is as ..... (2)
- 1.3.5 'n Fabriek toesighouer is voorbeeld van ..... vlak bestuur. (2)

**VRAAG 1.4: WAAR OF ONWAAR****(8 minute)****(10)**

**Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.**

- 1.4.1 Werkloosheid is wanneer 'n persoon aktief vir werk soek maar nie werk kry nie. (2)
- 1.4.2 'n Alleenhandelaar deel wins met ander vennote. (2)
- 1.4.3 Die eienaars van 'n publieke maatskappy word aandeelhouers genoem. (2)
- 1.4.4 Die nominalerekening-afdeling in die proefbalans bestaan uit alle inkomste en uitgawe rekeninge. (2)
- 1.4.5 Die regterkant van 'n grootboekrekening word die debietkant genoem. (2)

**AFDELING B: EKONOMIE**

**[30]**

**VRAAG 2:**

**VRAAG 2.1: LEWENSTANDAARDE/ REGERING**

**(12 minute)**

**(15)**

**Bestudeer die volgende prent noukeurig en beantwoord die vrae wat volg.**



- 2.1.1 Dui aan of die bostaande prent die **tradisionele** of **moderne** samelewing voorstel. (1)
- 2.1.2 Noem **EEN** eienskap van lewenstandaarde in tradisionele samelewings. (2)
- 2.1.3 Noem **TWEE** eienskappe van lewenstandaarde in moderne samelewings. (4)
- 2.1.4 Gee **TWEE** uitdagings of nadele van in moderne samelewings woon. (4)
- 2.1.5 Noem enige **TWEE** regering programme wat kan help om die lewens van mense wat in plaaslike samelewings woon te verbeter. (4)

**VRAAG 2.2: NASIONALE BEGROTING/ REGERING**

**(12 minute)**

**(15)**

**Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:**

**As gevolg van skuld aan inkomste onder invordering en afnemende belasting sterkte sal regering nog meer moet leen.**

Die ekonomiese groei uitkyk het op grootskaal onveranderd gebly sedert 2016 se Medium Termyn Begroting Beleidsverklaring, maar 'n dalende belasting dryfvermoë word verwag om 'n laer belasting inkomste oor die medium termyn te veroorsaak. In totaal, word die inkomste-invordering vir die huidige jaar geprojekteer om R 30 biljoen minder as die 2016 begrotingskating te wees. Onderbesteding en hoër nie-belasbare inkomste moet gedeeltelik hierdie tekortkoming voed, maar die regering sal meer moet leen om hierdie gaping te vul. Die algemene netto begroting leen vereistes sal toeneem met 'n totaal van R 43 biljoen tussen 2016/17 en 2018/19 in vergelyking met die 2016 begroting vooruitsig.

*Bron: Nasionale Tesourier – Begroting oorsig 2017*

- 2.2.1 Verduidelik die konsep **nasionale begroting**. (2)
- 2.2.2 In watter maand word die begroting toespraak aan die parlement voorgelê? (1)
- 2.2.3 Wie lê die begroting toespraak aan die parlement voor? (1)
- 2.2.4 Definieer die konsep *direkte belasting*. (2)
- 2.2.5 Verduidelik hoekom die regering meer geld moet leen wanneer minder belasting ingevorder is. (2)



A



B



C

- 2.2.6 Noem die top **TWEE** vlakke van die regering in Suid-Afrika. (4)
- 2.2.7 Noem die tak van die regering wat voorgestel word deur handelsmerk 'C'. (2)
- 2.2.8 Wie is die hoof van die vlak van die regering geïdentifiseer by handelsmerk 'B'. (1)

## AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID [50]

### VRAAG 3:

#### VRAAG 3.1: BRONDOKUMENT

(8 minute)

(10)

Die volgende inligting hou verband met 'n deposito transaksie gemaak deur Judith Thomsen, die kasier van Luke Kok Dienste. Luke Kok Dienste het 'n tjekrekening by Oos Bank LTD met die rekeningnommer 6339856483.

Gebruik die volgende inligting om die deposito strokie van Luke Kok Dienste op 15 Augustus 2017 te voltooi. Bereken die totaal van die kontant gedeponeer en toon beide die kontant bedrag en tjek gedeponeer op een enkele deposito strokie.

1. Kontantbedrae:
  - 9 x R200 note;
  - 11 x R100 note;
  - 17 x R50 note;
  - 18 x R20 note
  - 50 x R5 **Munte**



2. Tjek:

- 'n Tjek vir R 2 900 (van Maryland Bank) was ontvang van Lethabo Rabothata, ter betaling vir die professionele kok dienste aan hom gelewer gedurende haar dogter se verjaarsdag partytjie.

**OOS BANK LTD**

Reg no: (2009/009/3265)

**Deposito strokie**

Krediet: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_

Rekening Nr: \_\_\_\_\_

Kasier se datum stempel en handtekening				<b>R</b>	<b>C</b>
			Note		
			Munte		
			Geld bestellings		
	Ontrekker	Naam van Bank	Tak naam		
Gedeponeer deur: _____			<b>TOTAAL</b>	<b>R</b>	
Deposito verw:					

**VRAAG 3.2 – KONTANTJOERNALE****(24 minute)****(30)****Christine Dlamini het besluit om haar eie besigheid, Super Skoon Droogskoonmakers, te begin.**

3.2.1 Teken die volgende transaksies aan in die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal van Super Skoon Droogskoonmakers vir Julie 2017.

Verskaf kolomme vir:

**KOJ-** Ontleding van ontvangste, Bank, Lopende inkomste en Diverse rekeninge.

**KBJ-** Bank; Lone; Verbruikersgoedere; Diverse rekeninge.

**Transaksies vir Julie 2016**

- 01 Christine Dlamini open 'n bankrekening in die naam van die besigheid, Super Skoon Droogskoonmakers. Sy deponeer haar kapitaalbydrae van R 80 000 direk in die onderneming se bankrekening. Kwitansie 01 was aan haar uitgereik.
- 05 Koop droogskoonmaak toerusting van Barlow Masjinerie vir R 35 000, tjek 001 uitgereik.
- 10 Koop droogskoonmaak verbruikersgoedere van Mnr Clean, R 4 000 en betaal per tjek.
- 16 Kontant ontvang vir dienste gelewer volgens die kasregisterrol, R 3 800.
- 17 Wissel 'n tjek vir lone, R3 200.
- 19 Koop addisionele droogskoonmaak verbruikersgoedere van Gabriel Wrappers en betaal per tjek, R 4 800.
- 22 Kontant ontvang van kliënte volgens die kasregisterrol, R 6 200.


- 25 Wissel 'n tjek vir lone, R3 200.
  - 28 Die eienaar wissel 'n tjek vir R 700 vir haar persoonlike gebruik.
  - 31 Reik 'n tjek uit aan Telkom vir die telefoonrekening, R 650.
- Ontvang 'n tjek vir R 4 000 van S. Smith vir die huur van 'n kamer wat hy gebruik vir haarkappery. Reik kwitansie 02 aan hom uit.

3.2.2 Boekstaaf transaksies van 1 Julie in die rekenkundige vergelyking soos in kolomme verskaf, toon aan met 'n '0' vir geen effek: **(3 minute)** **(4)**

Datum	BATES		EKWITEIT		LASTE	
	Effek	Rede	Effek	Rede	Effek	Rede
01						

**VRAAG 3.3**

Voltooi die volgende rekenkundige siklus deur die antwoorde vir die stappe nie aangedui nie in te vul. **(5 Minute)** **(6)**





## AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP

### VRAAG 4: PRODUKSIEFAKTORE, ONDERNEMINGSVORME, VLAKKE VAN BESTUUR EN LEIERSKAPSTYLE

[30]

#### VRAAG 4.1

(18 minute)

#### 4.1 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

(23)



Donald Naka en twee vriende het besluit om 'n kitskos besigheid te begin waar hulle werknemers sal aanstel om gebraaide hoender te maak en te verkoop. Die besigheid se naam is "KIP-ID-AP TEAM CHICKEN". Produksie is 'n proses van goedere en dienste wat geproduseer word. Goedere word die uitsette van produksie genoem. Insette word produksiefaktore genoem. In die produksie proses van die gebraaide hoender laat die bestuurder Donald nie sy werkers toe om enige sê te hê oor hoe dit gemaak moet word of proe nie. Hy alleen maak al die besluite. Alhoewel dit die besigheid se bedrywighede nie negatief beïnvloed nie, voel sommige werknemers ongelukkig oor die gedrag.

- 4.1.1 Oorweeg die produksiefaktore wat in die proses van gebraaide hoender benodig word en gee een voorbeeld van elk van die produksiefaktore. (8)
- 4.1.2 Noem drie tipes arbeid wat jy in enige besigheid sal vind. (3)
- 4.1.3 Noem drie nadele van 'n vennootskap. (6)
- 4.1.4 Donald laat nie toe dat sy werknemers voorstelle maak oor hoe die hoender moet proe nie, hy alleen maak al die besluite ten opsigte van die kos. Watter tipe bestuurstyl maak hy van gebruik? (2)
- 4.1.5 Noem twee ander leierskapstyle behalwe die een genoem in 4.1.4. (4)

**VRAAG 4.2**

**(6 minute)**

**(7)**

**Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.**



“Die raad van bestuur sal verkies dat jy opgee terwyl jy voor loop.”

- 4.2.1 Noem enige twee vlakke van bestuur. (2)
- 4.2.2 In watter vlak van bestuur sal jy die Hoof Uitvoerende Beampste (CEO) vind? (1)
- 4.2.3 Noem die vier basiese bestuursaktiwiteite. (4)

**GROOT TOTAAL [150]**